SIENER EN DIE TOEKOMS VAN ONS VOLK

Lees meer by Allerlei oor Siener van Rensburg

"Dan sien Siener ‘n baie bemoedigende gesig: soos wat geen Voortrekker binne die laer van Bloedrivier gesterf het nie, sterf ook nou niemand wat bínne die laer is nie. Die vraag is waar hierdie laer gaan wees aangesien dit tog fisies onmoontlik is om laer te trek soos wat die Voortrekkers dit gedoen het. Maar Siener antwoord self hierdie vraag..."

Nikolaas van Rensburg, of Siener soos almal hom ken, is in 1926 op die ouderdom van 63 jaar oorlede. In die Tweede Vryheidsoorlog het Siener ‘n waardevolle profetiese rol gespeel. Vandag wil ons ons egter toespits op die toekomsgesigte wat hy spesifiek vir ons tyd gesien het, profesië wat nie net waarskuwings was nie maar ook vir ons groot vertroosting in ons huidige benoudheid bring oor die uiteinde van die loutering wat die Afrikanervolk vandag verduur.

Eerstens moet ons vra of ‘n gewone mens werklik sulke voorspellings kan maak soos wat Siener oor die Afrikanervolk gemaak het, en indien wel, op watter manier het Siener so ver die toekoms in gesien? Gegrond op die Woord is die antwoord duidelik ja, 'n mens kan maar dit is nie vir almal beskore nie. Daarby is daar twee maniere.

Die een manier is deur die begenadiging van God Wie alleen alles weet wat in die toekoms sal gebeur.

Die ander manier is deur die werking van Satan wie ‘n beperkte kennis van die toekoms het wat hy aan fortuinvertellers, sterrewiggelaars en diesulkes bekend maak. Daar is nog so ‘n voorbeeld in die gedaante van 'n vrou wat op Vrydagaande talle goedgelowige kykers van die TV-kanaal KykNet op loop gehad het met haar akkurate kennis wat verseker nie van God kom nie maar wel deur Satan se demone aan haar oorgedra word, daaroor is die Bybel heeltemal duidelik.

Ons lees in I Samuel oor koning Saul wat vóór hy ‘n oorlog sou voer tot God gebid en gevra het dat God vir hom solank die uitslag bekend sou maak. As gevolg van Saul se geestelike afvalligheid het God hom nie geantwoord nie, waarna hy hom tot die heks van Endor gewend het vir ‘n antwoord. Saul is ‘n goeie voorbeeld van iemand wat presies geweet het op watter twee maniere mens die toekomsgebeure te wete kan kom.As kind van die Here het Siener nooit met enige bose magte omgegaan nie en ons het ‘n sekerheid dat sy kennis direk van God gekom het, toegerus met profetiese eienskappe deur God self. Sy lewe kom baie ooreen met profete van die Ou Testament wat hul met niks anders as die Heilige Geskrifte besig gehou het nie. Siener het net die Bybel gelees, en dit in sy leeftyd agt maal deurgelees.

Ons moet onthou dat dit gevaarlik bly om aan openbaringe buite die Bybel besondere waarde te heg maar dit verhoed God nie om aan sekere mense op ‘n gegewe tyd vir ‘n spesifieke doel met profetiese gawes te begenadig nie. Siener was sonder twyfel een van hierdie begenadigdes en ons weet dit omdat alles wat hy gesien het sover waar geword het. Solank as ons nie hierdie gesigte met dieselfde gesag as die Bybel bejeën nie moet ons kennis neem daarvan.

Vir sommiges is Siener se gesigte en die chronologiese volgorde van gebeure onduidelik. Dominee André van den Berg van die Afrikaanse Protestantse Kerk het daarin geslaag om ‘n logiese uiteensetting van Siener se gesigte saam te stel en ons maak hier met dank van sy weergawe gebruik.

Vroeër sou mense nie Siener se gesigte geglo het nie maar ons beweeg in ‘n tyd waar meer en meer mense hierdie dinge begryp as gevolg van die ommekeer in ons eens stabiele land. So het een van Siener se gesigte in 1994 waar geword toe die land aan die ANC weggegee is: Klaas het Baas geword en Baas het Klaas geword.

Deur die gesigte wat die Here aan Siener gegee het sê Hy vir ons: Ek laat vaar nooit die werk van my Hande nie. Dit wat Ek aan die suidpunt van Afrika begin het, sal Ek klaarmaak.

Ons maak ‘n baie groot fout as ons dink dat ons aan die heidene oorgelaat sal word om geheel en al uitgewis te word. Die Here sal op sy eie tyd hierdie misleide volk na Hom laat terugkeer.

Aan die wortel van Siener se bemoedigende gesigte is die Blanke bewuswording wat in Europa begin en uitkring na die westerse wêreld wat weer besig is om rasbewus word, ‘n rasbewustheid wat die verantwoordelikheid van elke volk is om só sy volkswaardes te handhaaf en te bewaar.

In Afrika kan ons eerder praat van beskawingsbotsings as van rassebotsings want rasbewuste mense is beskawingsbewuste mense. Moenie die leuens van die kommunisme glo dat rasbewustheid dieselfde as rassehaat is nie. Die Boervolk kan net sinvol bestaan indien hulle hul rasbewustheid uitleef. Rassevermenging of integrasie, is niks anders as Babelse-bouery wat deur God gestraf word en daarom nooit kan slaag nie, waarvan Suid-Afrika ‘n voorbeeld is. Die misdaadsyfers het sommer binne die eerste vyf jaar na oorname van die ANC met 775 persent toegeneem. In 2010 sal ons nie meer ‘n ware syfer kan bereken nie omdat dit deur die ANC verdoesel word.

Blanke bewuswording is besig om drasties in Europa te ontwikkel ten spyte van die liberale media se stilswye. Buitelandse beleggers stel nie eers meer belang in Afrika nie want hulle oë is besig om oop te gaan.

In 1922 het Siener ‘n skrikwekkende gesig rakende Zimbabwe gesien. Hy sien ‘n ry kapmesse wat uit die aarde opkom waarna ‘n emmer vol bloed omval en na die Blanke boere se plase vloei. Daarna sterf talle boere gewelddadig en hy sien hoe die oorblywendes Zimbabwe vinnig verlaat met waens uit die noorde oppad na Suid-Afrika. Daarna sien hy ‘n nog ontstellender gesig waarin dít wat Zimbabwe beleef het nie naastenby so erg is as wat Suid-Afrika sou tref nie.
Hierdie gesig het reeds waar geword toe daar in Zimbabwe slegs ‘n handjievol boere gesterf het terwyl hier in Suid-Afrika daarna reeds duisende plaasboere wreedaardig om die lewe gebring is terwyl die werklike sterftesyfer van Blankes dwarsdeur die land onbepaalbaar hoog is omdat dit deur die ANC verberg word.
As een van die gevolge van die Klaas wat Baas word, sien Siener dat die munisipaliteite bankrot speel, ‘n saak wat deesdae groot aandag kry as gevolg van die totale ineenstorting van munisipaliteite deur die land. So groot was hierdie ineenstorting dat honderde dorpe se inwoners by NBU aangesluit het, ‘n belastingskanaliseringsorganisasie wat gepoog het om inwoners weer van skoon water en funksionerende sanitasiegeriewe te voorsien. Hierdie poging het later ook nie veel vrugte afgewerp nie as gevolg van die fatale toestand waarin ons verkeer.

Siener sien ‘n verskriklike bloedbad wat in Johannesburg gaan plaasvind. Min mense sal onthou van die nagaanval wat in 1995 vir Johannesburg beplan is waarin Blankes uitgemoor sou word. Omdat die plan egter uitgelek het is dit tot ‘n latere datum uitgestel en wag nog om plaas te vind.

Swartes dwarsdeur Suid-Afrika wag op ‘n sekere teken voordat hulle die Blankes aanval. Johannesburg en ook Pretoria sal hulle hoofteikens sal wees omdat daar so ‘n groot konsentrasie Blankes woon.

Siener het ook die teken gesien waarvoor die Swartes wag. Hy het gesien dat ‘n Swartman wat lank in die tronk was vrygelaat word, daarna ‘n beroemde persoon word waaroor die hele wêreld praat, en dan sterf. Siener sien hoe daar vuurvonke rondom die graf uitslaan en dit dan vlamme word wat dwarsdeur die land hardloop. ‘n Vuurbal rol vooruit reguit na Johannesburg waarna ‘n emmer bloed omval. Siener sien dat dit ‘n tweede Bloedrivier word met die verskil dat duisende mense sterf.

Dan sien Siener ‘n baie bemoedigende gesig: soos wat geen Voortrekker binne die laer van Bloedrivier gesterf het nie, sterf ook nou niemand wat bínne die laer is nie.
Die vraag is waar hierdie laer gaan wees aangesien dit tog fisies onmoontlik is om laer te trek soos wat die Voortrekkers dit gedoen het. Maar Siener antwoord self hierdie vraag as hy sê dat elkeen wat in sy hart reg is, reeds binne-in die laer is ongeag waar hy woon.

Wat gebeur met diegene wat hulself op daardie stadium buite die laer begeef deurdat hulle in oortuiging aan een of ander rasgemengde instansie behoort of dalk nog nie vir Jesus aangeneem het nie? Siener noem drie dinge in hierdie verband:
1. Eerstens dat diegene wat die Afrikanervolk verraai het, sowel as hulle meelopers, op ‘n dag sal besef dat die gesigte van Siener werklik van die Here was, en dan begin hulle bid dat hulle die verskriklike dinge gespaar sal bly.
2. Tweedens hoor Siener geweerskote en mense wat skreeu wanneer die emmer bloed omval. Hy sien hoe Swartes hardloop om Blankes dood te maak maar wanneer hulle by die ingange kom van mense wat reeds in die laer is, sien hulle die hekke en ingange nie raak nie en gaan dan na die bure. God slaan dus die moordenaars met blindheid om die ingange na mense wie binne die laer is, nie raak te sien nie. Dit laat mens onwillekeurig dink aan Israel wat in ballingskap in Egipte was en bloed aan hulle deure en kosyne moes smeer sodat die Engel verby hulle deur sou gaan om sodoende net die Egiptenare met die dood te tref. So sal die bloed van die Lam diegene in die Afrikanervolk wie se harte binne God se laer is, se lewens spaar. Mens kan nie eers dink hoe verskriklik dit gaan wees vir die wat buite daardie laer is nie.

3. Derdens sien Siener hoe diegene wat die groot verraad gepleeg het besef dat hulle moet vlug, en hy sien hoedat hulle nie eers tyd het om hulle vensters toe te maak nie sodat die gordyne in die wind wapper en hulle letterlik alles agter laat.
Hierna sien Siener ‘n skeiding met die verraaiers eenkant en diegene wat binne die laer is aan die ander kant. Dié binne die laer stort trane van dankbaarheid omdat hulle nie in die skoene van diegene buite die laer staan nie aangesien daar verskriklike dinge op hulle wag. Hierdie gesig laat mens besef dat dit nóu die tyd is om ons ontspoorde volksgenote te oorreed om om te draai voordat dit te laat is, diegene wat ‘n oor het om te hoor.

Tydens die Rivonia-verhoor vroeg in die sestigerjare het dit aan die lig gekom dat Mandela en sy comrades van plan was om Johannesburg in ‘n vlammehel te omskep ten einde die regering omver te

werp, ‘n aanslag wat steeds in hul beplanning is en waarvan NI, die regering en die polisie deeglik bewus is. Blanke lede van hierdie organisasies staan onder druk en sal nie waag om die Blankes daaroor in te lig of te waarsku nie. Nog minder sal Swartes die Nag van die Langmesse aan die groot klok hang. Daar is wel gepraat van minstens 50 000 taxis wat gebruik gaan word, en alle vulstasies in Johannesburg wat beset sal word. Dit kan nie meer ver wees nie maar vir dié wat dit weet en geestelik en fisies voorberei, sal dit nie so erg wees, het Siener gesê.

Die Afrikanervolk gaan God se straf ontvang omdat hy van God se weë afgedwaal het. Soos by Bloedrivier sal hy die dood in die oë staar net om daarna die verlossing van die Here gade te slaan.

Siener sien drie dinge voor en tydens die aanval.

- Eerstens sien hy die Swartes in Johannesburg wat onder mekaar praat. Dit is duidelik dat hulle iets duister bespreek wat ander nie moet hoor nie. Dan kom ‘n Swarte en druk ‘n geweerloop in Siener se gesig (Siener het homself altyd gesien waar dit sy eie mense is). Net voor die sneller getrek word kom ‘n hand van bo en klap die geweer weg sodat dit in ‘n heeltemal ander rigting skiet.
- Tweedens gebeur daar iets vreemds: Swartes begin hardloop en opmekaar te skiet terwyl Blankes eenkant staan en kyk hoe hulle mekaar uitwis. Dit laat mens onwillekeuring dink wat met die Medianiete in die tyd van Gideon gebeur het. In Rigters 7 lees ons dat Israel elkeen bly staan het op sy plek waarop die hele laer van die Medianiete hardloop, skreeuend vlug terwyl die Here die swaard van die een teen die ander een rig. Diegene wat vandag binne die Here se laer is gaan iets soortgelyk aanskou en besef dat die Here vir hulle ingetree het. Siener sien dat die hele wêreld oor hierdie wonderwerk praat en sê: Kyk wat het God vir die boerevolk gedoen.
- Derdens sien Siener hoe ‘n klomp Blankes na Prieska gaan om wapens te gaan haal wat die Duitsers vir die Afrkanervolk gestuur het. Daarna slaan die oorblywende verraaiers op die vlug. Hy sien ‘n man wat met net sy broek aan sy bas na Durban vlug, waarna ‘n Bybel oopval met ‘n belofte van God dat die boerevolk híerdie vyand in der ewigheid nooit weer sal sien nie. Dit herinner ons aan Israel toe die Egiptenare hulle tot by die Skelfsee agterna gesit het. In Exodus 14 sê Moses aan sy volk dat hulle moet vasstaan en die wonderwerk van God aanskou want soos hulle die Egiptenare daardie dag sal sien, sal hulle hul nooit weer in der ewigheid sien nie, dat hulle stil moet wees want die Here sal vir hulle stry.
- Siener het ook gesien dat Duitsland, een van ons stamlande, ‘n deurslaggewende rol in die Afrikanervolk se vrywording speel. Net voor Duitsland betrokke raak sien hy dat daar ‘n tyd aanbreek waar geen ander buitelandse volk iets met die Boere te doen wil hê nie. Dan word daar drie blou (Duitsland se kleur) briewe agtereenvolgend op die parlement bedien.

Die eerste brief maak die klomp parlementslede baie ongemaklik. Die tweede laat hulle paniekerig rondspring, en die derde laat hulle die hasepad kies. Siener sien hoe die Duitsers met vyf oorlogskepe vol wapentuig na Suid-Afrika vertrek. Dit word in Luderitz ontskeep en vandaar na Prieska vervoer.

Aanvanklik het kritici drie besware teen hierdie gesig geopper. Eerstens het hulle gesê dat Duitsland geen oorlogskepe meer het nie aangesien hulle ná die einde van die Tweede Wêreldoorlog ‘n verdrag onderteken het om geen oorlogskepe verder te bou nie. Tweedens is Luderitzhawe te klein en te vlak vir groot oorlogskepe. Derdens is die 800 km lange spoor na Prieska al vir baie jare lank onder sand toegewaai.

Op 20 November 1996 berig Die Burger: “Die eerste groot Duitse oorlogskip sedert 1938 het pas in Kaapstad aangedoen en is deur vier Duitse fragatte vergesel.” Is dit toeval dat vyf Duitse skepe daardie jaar in Suid-Afrika aangedoen het? Nee, niks is toevallig nie, en is daardie besoek ‘n proeflopie met die oog op die toekoms.
In Januarie 1997 het Duitsland 56 miljoen dollar bewillig nie net om Luderitzhawe groter en dieper te maak nie maar ook om die spoorlyn na Prieska te herstel en op te gradeer sodat dit tans bykans dubbel die spoorvrag kan dra. Die hawe is reeds voltooi en kan nou groot oorlogskepe akkomodeer. Die spoorlyn is ook voltooi.

God is reeds aan die werk en sal die huidige heidense onreg nie onbepaald laat gedy nie en nog minder die werke van sy Hande laat vaar.

Maar kom ons kyk eers waarom Duitsland ons te hulp wil kom. Natuurlik is alles eerstens in God se Raadsplan waarin Duitsland van plan is om die traktate te erken wat die Boere-rebelle in die ou Duitswes-Afrika onderteken het. Aan die begin van die rebellie het 600 Boere onder leiding van generaal CJ Kemp na Duitswes-Afrika vertrek om met die Duitsers ‘n verdrag te sluit. Hulle het die traktate aan die Duitsers oorhandig waarin hulle onderneem het om nie die wapen saam met Brittanje teen Duitsland op te neem nie, ‘n besluit waarvan ons inderdaad die vrug gaan pluk.

Siener sien verder dat nadat die Duitsers die wapens aan die Boere gegee het, dinge vinnig verander, die vyand nie meer veel weerstand bied nie en dan die hasepad kies. In daardie tyd is daar nie brandstof nie, myne en ander instansies kom tot ‘n stilstand en lewensmiddele is skaars.

En toe klap die eerste skote van die gewapende vryheidsstryd by Kimberley. Siener sien hoe die vyand na Vereniging vlug waar hy weereens op sy baadjie kry. Daarvandaan vlug die laaste van die vyand na Durban en verlaat Suid-Afrika.
Daarna sien Siener ‘n lang tafel met baie volke wat daar rondom sit met Duitsland aan die kop as die magstigste nasie têr wêreld, en Suid-Afrika aan sy regterhand as die mees geseënde volk in die wêreld. Rusland sit heel aan die onderpunt as ‘n onbenullige nasie en Brittanje is nie eers teenwoordig nie omdat dit heeltemal ondergegaan het. Dit wil voor kom of Engeland uiteindelik sy straf sal kry vir al sy landrowery en menseslagting dwarsdeur sy bestaan. (By geleentheid het Siener voorspel dat Engeland heeltemal onder die water sal verdwyn as straf vir die onreg wat hy teen talle nasies, veral die Boerevolk, gepleeg het.)

Siener het ook ‘n gesig gehad oor die teruggawe van geroofde Boerebates. Die Boerevolk kry sy geroofde eiendom terug sonder ‘n sent skuld daarop. Ons besef nie eers hoe erg ons besteel is van dit wat aan Suid-Afrika behoort nie. Vandag besit volksvreemdes tot ons minerale rykdomme. Volksinstansies wat aanvanklik deur volksgenote opgebou is, is sonder meer aan volksvreemdes verkoop. Siener sien hoe die parasiet-ondernemings hulle wurggreep op Suid-Afrika verloor en die land met groot finansiële verliese verlaat. Groot internasionale instansies wat die ANC met groot somme geld ondersteun het verloor al daardie geld deur ‘n soort nasionalisering deur die Boere uitgevoer op die bates wat hier agter gelaat is.
Baie volksgenote is bekommerd omdat die Afrikanervolk nie tans ‘n leier het nie. Baie jakkalse het sedert die sluipmoord op dr Verwoerd op die toneel verskyn, verraaiers wat meesal uit goeie ouerhuise gekom het maar hul eie voortbestaan probeer bewerk het deur aan die volksvyande gedienstig te wees. Onder ‘n betroubare regering sou hulle die doodstraf vir hulle verraad ontvang het maar in die nuwe Suid-Afrika

het alle waardes omgedraai en is hulle met eregrade en groot somme geld vereer. Hierdie onvergeeflike verraad het gemaak dat die Boervolk nie maklik weer enige ‘jakkals’ sal vertrou nie.

Maar genadiglik sien Siener in een van sy gesigte die nuwe leier na vore tree, ‘n Boereleier, ‘n man met ‘n grys baard en in ‘n bruin pak wat soos ‘n Moses van ouds na vore kom om die volk te lei tot vryheid. Een van die besondere gawes van hierdie man is om volksgenote op te beur en op te vorder om saam te staan. In presies watter stadium hy na vore tree is nie duidelik nie.

Siener het ook gesien dat die Duitsers weer Suidwes in besit neem, en dat Zimbabwe en Zambië weer deel van die groter grondbesit word. Vir baie jare was laasgenoemde twee lande dié Afrikalande met die mees produktiewe opbrengste maar is vandag so verarm deur Swart bewind dat hulle nie meer staande kan bly nie.

Siener sien dat Europa die skrootwerf met oorskot van die swak Swart Afrika-afval word en dat dit die wêreld so erg tref dat ‘n groot depressie intree want hierdie produk teer graag op ‘n ander se hardverdiende bates en verskuif dan na ‘n volgende gasheer. Vir gelowiges in Europa word dit so onhoudbaar dat hulle na Suid-Afrika verhuis.

In daardie stadium sal Suid-Afrika nie net die veiligste land in die wêreld wees nie maar ook die enigste Christelike bastion.

Die Here sal nie toelaat dat ons volk hier in die vloed van Swart Afrikanisme verdrink nie maar ons toelaat om die reddingstou aan ander gelowige volke uit te gooi. Daardeur sal Suid-Afrika ook goedgeskoolde volkslui uit die buiteland terugkry wat tot groot aanwins vir die heropbou van ons land sal wees.

In samevatting moet ons as volk erken dat ons afgedwaal het van die Here se weë en nou soos Israel van ouds die straf op die Babelisme ontvang wat ons verdien. Maar soos God Israel na ‘n tyd verlos en herstel het, sal Hy dieselfde met die Boerevolk doen. Die pad na herstel loop egter deur ‘n bloedbad maar wat volgens Siener, Johanna en ander visioene genadiglik van korte duur sal wees.

Intussen moet ons ons weerloosheid afskud, ons geestelik instel op wat voorlê en op alle maniere weerbaar word want binne die laer sal net weerbare volksgenote staan. Diegene wat Jesus aangeneem het en hulle volk geen onreg aangedoen het nie, is reeds binnekant die laer en veilig. Vir hulle sal die woorde van Psalm 91 waar word: *“Al val daar duisend aan jou sy en tienduisend aan jou regterhand – na jou sal dit nie aankom nie. Net met jou oë sal jy dit aanskou en die vergelding van die goddelose sien."*

Mag die lees van hierdie uitgawe u tot oortuiging van die dringendheid en erns stem waarmee die gelowige hom in hierdie tyd tot ons hemelse Vader moet wend.